OOSTELIKE SINODE

Langs die Dullstroom-forelwaters dink ek oor die kerk. En ek gaan lees weer Paulus se gebed in Efesiërs 3.

Die kerk as geloofsgemeenskap ontstaan in die Vader se hart.
Die krag van die kerk lê daarin om in Christus se liefde verankerd te wees.
Die kerk het die voorreg om die omvang van Jesus se liefde te ken en te beleef.
Die kerk is God se instrument waardeur Hy méér kan doen as wat ons kan bid of dink.
En dít alles om die eer van die Here te verkondig – van geslag tot geslag...
Wat 'n voorreg!

Francois Retief

GEMEENTES EN LERAARS

Dr JP Pienaar (emeritus) – voorheen van Amsterdam - is op 14 Junie oorlede na 'n operasie. Sy eggenote is reeds in 2022 oorlede.

Ds Daan Botha (emeritus) – voorheen van Tzaneen-Wolkberg – is op 25 Junie oorlede. Sy eggenote Ria se gesondheid is ook baie swak.

WELKOM NG KERK SIMILE

Die Sinodale Diensraad het op die laaste vergadering kennis geneem van die formele stigting van die NG Gemeente Simile as deel van die Ring van Lydenburg. Die gemeente het op 14 April 2024 afgestig by die NG Kerk Sabie. Die gemeente was vir jare reeds deel van die NG Kerk Sabie as 'n wyk vir Siswati-sprekende lidmate en het nou afgestig om 'n selfstandige gemeente van die NG Kerk te vorm.

Ons is besig om hierdie mooi verhaal op te teken met foto's en al. Hou 'n volgende uitgawe van Yskasstories dop.

Intussen: hartlik welkom aan die lidmate van Oostelike Sinode se nuutste gemeente!

SINODESITTING

Ons vorder fluks met die reëlings vir ons sinodesitting op **7 – 10 Oktober te Weesgerus** Vakansieoord buite Nylstroom.

Baie dankie vir die **geloofsbriewe** wat ons reeds ontvang het.

Baie belangrik: gemeentes moet by Tersia in die Sinodehuis plek bespreek vir die verblyf van hulle afgevaardigdes. **Die geloofsbrief dien nie as 'n verblyfbespreking nie**.

Kyk assblief weer na die skrywe van 14 Mei 2024 met die besonderhede van verskillende verblyfopsies. Onthou dat ons gevra het dat ons mekaar in ag neem aangesien verblyf beperk is. Daar is genoeg beddens om almal te akkommodeer maar ons sal die verblyfeenhede met mekaar moet deel. Let op die reëling dat afgevaardigdes self met naby-geleë gemeentes skakel om verblyf te deel. Die Sinodehuis gaan nie persone plaas nie.

Skakel met **Tersia 012 804 9543** om besprekings te doen.

KANTOOROPLEIDING IN LAEVELD

Dinsdag 6 Augustus | 09:00 - 16:00
Woensdag 7 Augustus |08:00 - 16:00
Donderdag 8 Augustus| 08:00 - 15:00

Kostes: R500 per persoon vir die 3 dae.
Ligte middagetes / tee / koffie en verversings, asook programmateriaal word voorsien.

Betaling:
ABSA Tjek rekening: 1420 146 562
Verwysing: Kantoor + gemeentenaam

Bespreek jou plek vóór of op 2 Augustus by Tersia Petzer - ontvangs@sinoos.co.za.

WINKERK MOBILE APP

Winkerk mobile app is spesiaal ontwikkel om gemeentes te ondersteun in effektiewe kommunikasie met die voordeel dat die app direk aan Winkerk gekoppel is!
Jan Venter sal tydens ons kantooropleidingsessies 'n demonstrasie lewer en meer inligting deel. Intussen kan jy gerus meer oor hierdie app lees deur op die skakel hieronder te kliek of direk met Jan Venter in kontak kom om solank die app in jou gemeente te toets.

Lees hier meer

ONS NOOI JOU - GESELS SAAM MET ONS

DONDERDAG 22 AUGUSTUS | 12:00 | ZOOM

Gemeentes wat floreer en mense inspireer!

Dr Roedolf Botha van Pretoria-Oosterlig

'n Zoom-skakel sal met die volgende Familienuus voorsien word. Maak solank 'n nota in jou dagboek!

Waaroor gaan die kamp?
Ons leef almal in verhoudings met die mense rondom ons, maar het jy al ooit daaraan gedink dat ons ook in verhouding leef met alles wat God in Sy skepping op aarde gemaak het? Ons noem dit die ekosisteem waar alles en almal in verhouding tot mekaar lewe - wat met die een gebeur het 'n invloed op die res van die ekosisteem.

Wat gaan ons hierdie jaar leer?
Hoe om op "huis aarde" te lewe in verhouding met alles wat God gemaak het.
Ons fokus hierdie jaar op "My plek in die ekosisteem saam met die voëltjies en insekte". Ons gaan by die voëltjies en die insekte leer waar is my plek in die ekosisteem, sodat daar vir almal en alles genoeg is om te kan lewe op aarde.

Ons gaan ook lekker speel, met binnebande op die rivier afry, kleilat gooi, moddersokker speel, met ketties teikenskiet en een aand buite onder die sterre slaap.

Wat moet 'n Ekofaktor deelnemer saamneem?

Jou Bybel, pen, ou klere, swemklere en handdoek, beddegoed, eetgerei, tekkies, 'n flits, hoed, sonbrandolie en baie energie!

'n Waterbottel vir die stap in die veld en 'n ekstra kombers vir die buite slaap Vrydagaand - dit kan koud word.

Bring jou kamera vir die fotokompetisie - die beste natuurfoto's kan 'n prys wen.

Vervoer

Elkeen is verantwoordelik vir sy eie vervoer.

Ons kry mekaar Woensdag om 15:00 by Bergenrivier en verdaag Saterdagoggend om 08:00

Meer inligting

Inskrywing- en vrywaringsvorm

KURSUSSE

HOE LEES ONS DIE BYBEL |16-17 JULIE | 20VBO punte

Meer inligting

Kliek hier om in te skryf

OPLEIDING van BEGELEIERS van ‘n BEDIENINGSDIAGNOSE | 29-31 JULIE | 20VBO punte

Kostes: R600 (sluit werkboek en verversings/etes vir 3 dae in.
Sluitingsdatum: 26 Julie 2024

Om in te skryf

OPLEIDING IN BRUGBEDIENING | 29 JULIE-1 AUGUSTUS |

70VBO punte

Kliek hier vir meer inligting

Inskryfvorm

PA-WONDE BERADINGSKURSUS | 20 AUGUSTUS | 5VBO punte

Pyn vanuit die verlede met betrekking tot ons verhoudings tot ons pa's is dikwels die oorsaak dat talle Christene worstel met 'n verdraaide Godsbeeld en dit gevolglik baie moeilik vind om God die Vader intiem en naby te ervaar. Luister saam as Prof Wentzel hieroor gesels tydens 'n ZOOM aanbieding.

Kliek hier vir meer inligting

DIAKONALE KONFERENSIE | 28-30 AUGUSTUS

Sluit aan by die Universiteit Pretoria en ander rolspelers vir 'n inspirerende konferensie wat die diakonale roeping van die kerk in 'n Afrika-konteks ondersoek. Kom ontdek saam innoverende maniere om ons roeping uit te leef met die unieke geleenthede wat ons multikulturele landskap bied. Belangstelling vir 'n ekumeniese leergemeendskap vir die diakonaat sal ook by die geleentheid getoets word.

Kliek hier vir meer inligting

LENTEKONFERENSIE | 17-19 SEPTEMBER | 30VBO punte

Kliek hier vir meer inligting

KONFERENSIE KERKWEES 200:VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

UITNODIGING TOT AKADEMIESE BYDRAES | 5-6 NOVEMBER

Die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om 'n voorstel in te dien vir 'n akademiese bydrae tydens 'n konferensie wat op 5-6 November 2024 in Pretoria plaasvind. Die konferensie is deel van die landswye en ekumeniese herdenking van die eerste Algemene Kerkvergadering wat 200 jaar gelede, vanaf 2 November 1824, in Kaapstad sitting geneem het.

Kliek hier vir meer inligting

AFLOSLERAARS

Michiel van der Merwe Emeritus Pretoria|082 462 3529 | michielvandermerwe@gmail.com
Johan Taute Emeritus Lux Mundi | 083 608 4111 | jtaute@luxmundi.org.za
Dion van Dyk Emeritus Pretoria | 072 317 0407 | dionvdyk@mweb.co.za
Delanie Bezuidenhout Diensleraar Elarduspark | 079 520 2559 | delaniebezuidenhout@gmail.com
Hancke van Blerk Leraar Piet Retief | 079 872 4829 | hanckevb@gmail.com
Christie Smit Emeritus Pretoria | 083 234 4456 | christiepos@gmail.com
André Fitzgerald Emeritus Pretoria | 082 855 0691 | anfitz@telkomsa.net
Danie Neumann Diensleraar | 072 643 4361 | danie.neumann@outlook.com
Stanley Strydom Beroepbare predikant | 083 299 1090 | stanley.strydom@gmail.com
Charyn Myburgh Beroepbare proponent | 072 562 8964 | charynsm@gmail.com
Stanley Marais Beroepbare predikant | 084 782 3547 | stanleymarais@gmail.com

VANUIT DIE SINODEHUIS

Vanaf die pensioenkantoor

Ds Rehan Rheeder sal DV, met ingang van 1 Januarie 2025, die pos van die Pensioenfondsbestuurder oorneem. Mnr Theo Smith tree einde Desember 2024 af. Lees die volledige korrespondesie hieronder.

Opvolgbeplanning: Pensioenfondsbestuurder

Aftreesessies: Winter 2024

Dit is weer tyd om aftreesessies te hou vir daardie lede wat binne vyf jaar van aftrede is soos op 1 Julie 2024.
Lees die volledige brief asook datums van sessies hieronder.

Aftreesessies: Winter 2024

Huweliksbevestigers

Ons ervaar tans talle uitdagings en vertragings in ons kommunikasie na Binnelandse sake.
Weet dat ons vanuit die Sinodehuis gereeld poog om kommunikasie te bewerkstellig.

Inventarisvorms 2024

Ons kan met dankbaarheid sê dat ons alreeds 80% van ons inventarisse ontvang het. Baie dankie vir elke gemeentekantoor wat moeite gedoen het om die vorms op te dateer!

Finansiële state

Finansiële state moes die Sinode, soos jaarliks, **teen 30 Junie 2024 bereik het**.

Baie dankie aan die gemeentes wat hul finansiële state betyds ingedien het, asook aan diegene wat met ons reëlings getref het vir laat indiening.

Vir die gemeentes wat nog nie state ingedien het nie, doen dit asseblief so gou as moontlik. Indien u vertragings, buite u beheer ondervind, stel die Sinode asseblief in kennis sodat ons daarvolgens kan beplan.

Verjaarsdae

Baie geluk aan elkeen wat tussen **9 - 22 Julie** verjaar.

PREDIKANTE

9 Julie	Gawie Malan
11 Julie	Stefan Fourie
13 Julie	Henk Janse van Rensburg
14 Julie	Retha Kruidenier
14 Julie	Zander van der Westhuizen
20 Julie	Cornelis Oberholster
20 Julie	Francois Schwalb

EMERITI

9 Julie	Izak Liebenberg
13 Julie	Sampie Niemand
14 Julie	Adriaan van der Wart
16 Julie	Christo Longland

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

Onthou om die inligting op ons webwerf te benut. Die nuutste inligting oor personeelsake, finansiële dokumente, gemeentes se besonderhede en baie meer is beskikbaar.

Ons webtuiste